

KONINKRYKSTYD

In dié kerkjaarseisoen
gesels ons oor
dissipelskap en groei.

Laai die DinkJeug
Families app af. Luister,
lees, gesels en bid saam.



HUISGELOOF

REFORMASIE TEKS: 1 TESS 2

OMGEE

Vertel van 'n keer toe jy die regte ding gedoen het, of iets wat verkeerd is uitgewys het. Hervormingsondag (Die begin van die Reformasie) word einde Oktober gevier. Ons onthou hoe Martin Luther 98 stellings aan die kerk se deure vasgespyker het. Hierdeur het hy uitgewys dat genade, geloof, die Bybel en Jesus Christus belangrik is.

GESELS

Lees 1 Thessalonisense 2:1-12

- Watter teenkanting het Paulus beleef toe hy die evangelie verkondig?
- Hy het egter moed gehad om die evangelie te verkondig. Wie of wat het hom moed gegee?
- Hoe het hy die evangelie gedeel (vers 4-7)?
- Nes Paulus en Martin Luther, moet ons die evangelie deel. Wat beteken dit?

DOEN

- Vind meer uit oor die Reformasie deur saam op die internet te soek na 'n webtuiste of video.
- Skryf op 'n bladsy neer die ongeregtheid (verkeerde dinge) wat julle raaksien en “spyker” of plak dit vas iewers in die huis waar julle kan onthou om daarvoor te bid.

BID

Here, baie dankie vir die moed om op te staan vir wat reg is ...



Laai die
DinkJeug
Families app
gratis af:



Google Play:



Apple iStore: